Jesus ons Verlosser leef! Ons reik uit oor alle grense.

STELLENBERG-GEMEENTE

021 976 4519 (kerkkantoor)
021 975 1044 (jeugkantoor)
021 910 3900 (feesmark)
021 976 8029 (SOS)

www.stellenberg.co.za
navrae@stellenberg.co.za

10 MEI 2020

# GEMEENTEBULLETIN

## UITSENDINGS VAN PREKE OP 10 MEI

**Gekombineerde Oggend-en-gesinsdiens**

I Petrus 2:2-9 | Die uitsig deur my venster | Ds. Callie Visagie

**Meditatiewe diens**

Hosea 11:8-9 | Sagte hande | Ds. Philipp Dietmann

**Relevant-aanddiens**

*Open to rise above the impact* | Ds. Hanno Ackerman

**KYK na preke:** Al drie die eredienste se opnames is Sondagoggende vanaf 06:00 op ons www.stellenberg.co.za beskikbaar.
**LEES die preke:** Die oggend-en-gesinsdiens se geskrewe teks is op www.stellenberg.co.za beskikbaar.

**LUISTER na die preke:** Klankopnames van preke is op die webwerf.

## FINANSIËLE BYDRAES (DEUROFFERS)

Baie dankie aan elke lidmaat wat in dié uitdagende tye 'n bydrae maak om ons gemeenteaktiwiteite te laat voortgaan. Ons het baie begrip vir die finansiële onsekerheid wat baie gesinne tans beleef.

- Lees meer oor die gemeente se finansies op bladsy 4.
- Deurkollektes: Onder normale omstandighede word daar elke Sondag 'n deurkollekte ten bate van verskillende instansies gehou. Vandag se deurkollekte sou vir die gemeente se kosprojek wat veral in dié tyd 'n baie belangrike diens lewer, gewees het. U kan steeds spesifiek daarvoor gee. Die kerkraad sal op 'n ad hoc-grondslag aan begunstigdes van deurkollektes 'n toekenning maak n.a.v. elke instansie se bediening en die noodsaaklikheid van dienslewering.

### DAGSTUKKE VIR ELKE DAG

'n Geestelike dagstuk word daagliks op www.stellenberg.co.za onder "Gedagtes vir elke dag" geplaas, of lees dit elke dag op die gemeente se Facebookblad.

### STELLENBERGERS

'n Nuwe Stellenberger propvol nuus en inspirerende getuienisse is op Donderdag 7 Mei elektronies uitgestuur. Indien jy nie een ontvang het nie, stuur asb. 'n e-pos aan sanel@stellenberg.co.za.

## NUUS PER E-POS, OF OP JOU SELFOON

Sluit gerus by ons e-posverspreidingslys, of die gemeente se WhatsApp-groep aan.

- As jou naam op die e-posverspreidingslys is, sal jy elke Vrydag die skakel na die oggenddiens se preek, die geskrewe preek, asook die bulletin per e-pos ontvang. Stuur 'n e-pos aan sanel@stellenberg.co.za om aan te sluit.
- Lede van die WhatsApp-groep ontvang Vrydae die skakel na die oggenddiens se preek, asook die bulletin op hulle selfone.

## SAMARITAAN ADVERTENSIEBLAD

Tydens die landwye inperking is advertensies in die gemeente se advertensieblad, genaamd Samaritaan, gratis. Ons vertrou dat die gebaar plaaslike en informele besighede sal ondersteun.

Stuur jou advertensie voor Maandag 25 Mei aan Faan Blom by faanblom@yahoo.com. Die Samaritaan verskyn weer op Vrydag 5 Junie. Lees die vorige maande se Samaritaans op www.stellenberg.co.za/Samaritaan.

## SPESIALE KERKRAADSVERGADERING

'n Spesiale kerkraadsvergadering d.m.v. Zoom vind plaas op Woensdag 13 Mei om 18:30. Tydens die vergadering sal onder meer die hersiene prioriteite, asook die aangepaste begroting van die kerkraad, hanteer word. Jy sal die uitnodiging na die vergadering per e-pos ontvang.

## ANNIBRAND-GROEPE EN KLEUTERS

**Kleuters:** Besoek die Annibrand Junior-bladsy op ons webwerf vir Bybelstories in videoformaat.

**Annibrand Junior:** Lesmateriaal en volledige inligting is weekliks op www.stellenberg.co.za beskikbaar.

**Annibrand Senior:** Seniors kom as groepe via gespreksplatforms byeen. Besoek die Relevant-afdeling op ons webwerf vir volledige inligting.

### EDELWEISS

Dr. Theo Swart stuur weekliks twee dagstukkies d.m.v. stemboodskappe per WhatsApp aan inwoners, asook die klankopname van sy weeklikse preek by Parowvallei-Oos-gemeente op Sondae. Indien jy graag by dr. Theo Swart se WhatsApp-verspeidingslys wil aansluit om die stemboodskappe en die preek te ontvang (dit neem min data), stuur 'n Whatsapp-boodskap aan hom by 083 457 1647.

### STELLENBERG ONDERSTEUNING-SENTRUM

SOS bied berading en mediasiedienste deur professionele persone aan. 'n Kliniese sielkundige, spraak- en arbeidsterapeute, 'n besigheids- en lewensafrigter, asook 'n musiekterapeut se dienste word aangebied.

Die sentrum is gesluit, maar Rudolph van Schoor, sentrumbestuurder en lewensafrigter, is beskikbaar vir noodgevalle by 082 854 4530.

## COVID-19-HULPVERLENING

Die aanvanklike beplanning rakende hulpverlening moet nou dringend aangepas en uitgebrei word, aangesien die inperkingstyd aansienlik verleng is. Die nuwe en gewysigde beplanning sal spoedig met lidmate gedeel word. Lidmate wat bydraes wil maak met die oog op voedselhulp, moet asb. voortgaan om dit te doen, aangesien die nood daagliks vergroot. Finansiële bydraes kan oorbetaal word aan: ABSA-tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005, gebruik *hande en rande* as verwysing.

## EK HET HULP NODIG

Indien jy tydens selfisolasie, of die landswye inperking enige vorm van fisiese hulp benodig, kontak asseblief een van die leraars. Vrywilligers is beskikbaar wat lidmate met die aankoop en aflaai van kruideniersware of medikasie sal ondersteun.

## PINKSTER 2020

Die volgende Pinksterreekse sal vanaf 24 tot 31 Mei aanlyn aangebied word:

- 24-31 Mei | Ons glo . . . | Ds. Marius Breytenbach
- Kinderpinkster 24-28 Mei | Survivor Egipte | Brenda Visser
- Jeugpinkster 24-28 Mei | *Open to worship* | ds. Hanno Ackerman

Alle preke en aanbiedings sal vanaf Sondag 24 Mei om 06:00 op www.stellenberg.co.za beskikbaar wees. Besoek die tuisblad en kliek op die PINKSTER-blokkie.

## KUIER SAAM IN VIRTUELE MARKPLEIN

Raak deel van ons aanlyn gespreksgroep op Sondagmiddae. Indien jy internettoegang het, kan jy via 'n skakel wat jy per e-pos sal ontvang, op die byeenkoms inteken. Eerskomende Sondag om 16:00-16:40 lei Callie Visagie (ctvisagie@stellenberg.co.za) en Philipp Dietmann (pdietmann@gmail.com) die gespreksgroep. Stuur jou naam, van en e-posadres vir een van hulle en hulle sal die skakel na die gespreksgroep per e-pos vir jou stuur.

### LERAARS KONTAKBESONDERHEDE

Ds. Hanno Ackerman
079 543 5261
hanno@stellenberg.co.za

Ds. Marius Breytenbach
082 376 6053
marius@stellenberg.co.za

Ds. Philipp Dietmann
084 354 0729
pdietmann@gmail.com

Ds. Why Duvenhage
082 570 5931
why@stellenberg.co.za

Ds. René Potgieter
079 893 8104
rene@stellenberg.co.za

Ds. Callie Visagie
072 385 4368
ctvisagie@stellenberg.co.za

Rudolph van Schoor
Stellenberg
Ondersteuningsentrum
Sentrumbestuurder
082 854 4530
rudolph@stellenberg.co.za

## TERUGVOER RAKENDE FINANSIES

Soos reeds genoem, is ons opreg dankbaar vir bydraes wat tydens onseker finansiële omstandighede van lidmate ontvang word. Ons deel graag die volledige prentjie rakende ons inkomste met u ter wille van deursigtigheid en sodat lidmate bewus kan wees van die ernstige lig waarin die kerkraad die gemeente se finansiële beplanning beskou.
Met die verval van eredienste lyk dit asof lidmate hulle bankkollektes (die bydraes wat voorheen tydens eredienste in kollekteborde geplaas is) nou by hulle maandelikse bydraes insluit, daarom word 'n verhoging in die maandelikse bydraes bemerk.
Die syfers sedert die grendeltyd is soos volg (bedrag in hakies dui die tekort, of die bedrag meer as die begroting aan). Let daarop dat die grendeltyd eers einde Maart begin het.

| | Bankkollektes | Maandelikse bydraes |
|---|---|---|
| Maart | **Begroot** R91 667 | **Begroot** R456 818 |
| | **Werklik** R84 042 (-R7 626) | **Werklik** 468 112 (+R11 294) |
| April | **Begroot** R91 667 | **Begroot** R456 818 |
| | **Werklik** R49 534 (-R49 534) | **Werklik** R496 065 (+R39 246) |
| Mei | **Begroot** R91 667 | **Begroot** R456 818 |
| | **Werklik** R5 090 | **Werklik** R234 050 |

**Begroting van 2020-21:** Die verskillende kommissies van die kerkraad is tans besig met die herbesinning van prioriteite asook 'n dramatiese aanpassing in en hersiening van hul onderskeie begrotings.
Die verwagte inkomste van bv. die Feesmark (ongeveer 20% van die totale begroting) gaan waarskynlik nie vanjaar realiseer nie. Moontlikhede van 'n aanlyn mark word ondersoek, maar die winsgewendheid daarvan is nog onseker.
Alle uitgawes word tot op die been gesny en voorsiening word slegs vir die uiters noodsaaklike behoeftes gemaak.
Die gemeente het 'n groot personeelrekening en vergoeding sal aangepas word in ooreenstemming met die gewysigde begroting. Die nuwe begroting sal egter eers deur die kerkraad goedgekeur moet word. Bid asseblief vir wysheid vir die leierskap van die kerkraad.

## FINANSIËLE BYDRAES

Bydraes kan soos volg gemaak word:

- **Debietorder:** Laai die aansoekvorm van die webwerf af.
- **EFT-betaling:** Dit kan oorbetaal word na ABSA-tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005.
- **SnapScan:** Laai die toep op jou slimfoon af en volg die maklike instruksies. Gebruik die gemeente se skanderingskode om die betaling te maak.

Die barometer vertoon bydraes vir Mei 2020:

